# RAAD VIR PAP REKKE

*Geskryf deur Stephan Joubert ( E-Kerk)*

Teen hierdie tyd van die jaar is almal se rekke pap.

Iemand sê onlangs vir my, sy boekie vir 2014-krisisse is reeds propvol. Hy kan nie meer een ekstra stukkie moeilikheid vat nie.

Van pap rekke gepraat, die profeet Habakuk het presies dit beleef as hy die eerste hoofstuk van sy profetiese boek skryf. Hierdie vergete Bybelse profeet het moeilikheid geken. (Of dalk is dit andersom!) In elk geval, sy profetiese loopbaan het nie te goed afgeskop nie. Die eerste hoofstuk van sy boek is deurtrek met klagtes. Hy kon God se groot stilte oor al die chaos in sy eie dag nie langer vat nie.

Habakuk was 'n tydgenoot van groot profetiese kanonne soos Jeremia, Nahum en Sefanja. In sy dag was 'n korrupte koning, genaamd Jojakim, aan die bewind. Boosheid, misdaad en korrupsie het orals geseëvier terwyl respek vir die wet van die Here in die sand weggesyfer het.

Tussendeur het oorlogswolke rondom Jerusalem saamgepak. Die magtige Babiloniese weermag, (Galdeërs soos wat hulle in Habakuk 1 genoem word), was oppad.

Terwyl Habakuk behoorlik keel skoongemaak het oor God se "stilte" te midde van al die onreg in sy dag, het hy een lewensbelangrike les geleer. Dit deel hy aan die begin van hoofstuk 2. Habakuk het naamlik besef hy moet 'n uitkyktoring vir homself oprig. **Hy moet leer om te wag op die Here en ophou fokus op alles wat verkeerd is rondom hom.** Presies dit is wat God verwag van sy pap-rek profeet... en van ons elkeen. **Ons almal kort 'n geestelike uitkyktoring.**

**Ons kort 'n nuwe vestingmuur waaragter ons kan wag op die Here.**

**Aan die Here se voete kom moeë mense tot rus.** Wanneer ons ons laste aan Sy voete neersit, word daardie woede in ons algaande vervang met kalmte. Frustrasie maak plek vir tevredenheid, en bitterheid vir vrede. **Om op die regte wagmuur te staan, is egter meer as net 'n rus; dit gaan oor rus in die Here. Op sy wagmuur wag ons nooit op dinge nie, ons wag op die lewende God!**

***Liewe gemeentelid van Rietfontein-Suid: Moeg, oorwerk, net te veel bekommernisse en besluite hier aan die einde van die jaar? Vind jou rus in die Here. In Hom alleen.***

*Ds LeonTait*



Maandblad
NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Jubeljaar 60
NOVEMBER 2014

## 'n Jaar van hoogtepunte



*Die toekoms is so helder soos God se beloftes* het iemand gesê. Ons het hierdie jaar opnuut ervaar hoe God sy beloftes waar maak. Die waardevolste belofte wat ons hierdie jaar weer ontdek het is Jesus se woorde in Mat 28:*20 En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.* Wie met geloofsoë kyk sien die voetspore van die Heer dwarsdeur die jaar.

*Feesnaweek.* Ja! die jaar 2014 was ons feesjaar. Die gemeente se 60jarige bestaan was gevier. Dit was een van die hoogtepunte. Die gemeente het met oorgawe God se goedheid en trou gevier. (Lees verder hieroor in die artikel wat volg en kyk na 'n foto of twee).



Gedurende die *50 dae van Hoop* het ons weer vir God as die Bron van hoop ontdek. Dit het ons lewe kom vul met die heerlike wete dat God groter is as al ons ervarings. Dit laat ons ontspan ten spyte van die stres en daaglikse stryd. Jesus wat leef en uit die dood opgestaan het is die anker van ons hoop vir hierdie lewe saam met Jesus en vir ons vooruitsig op die toekoms by God. Hoor hoe klink dit wanneer ons weer vir God as ons Bron van Hoop omarm. Rom 15:13 verwoord deur die Message*: Oh! May the God of green hope fill you up with joy, fill you up with peace, so that your believing lives, filled with the life-giving energy of the Holy Spirit, will brim over with hope!*

*Die karnaval* was hierdie jaar iets baie spesiaal en geseënd! Die spangees van die reëlingskomitee was uitstekend. Nuwe idees en vars entoesiasme het geblom. Die samewerking tussen al die tafelleiers en die tafelspanne was fenominaal! Die lekker saam kuier, saam werk en saam lag het ons almal weer sterker aan mekaar gegom! Om alles te kroon het die Here ons bederf met 'n bo verwagte inkomste. Groot is Sy naam!

Die *finansies* was hierdie jaar 'n groot uitdaging. Ons was baie bewus van hoe afhanklik ons van die Here is. Ons het gebid, beplan en gedoen. Alles het gedui daarop dat ons meer as 'n menslike plan en aksie nodig het. God het soos altyd

getrou in die harte van Sy kinders gewerk en die inkomste het gestyg en die uitgawes het gedaal. God sorg! Hy laat vaar nie die werk van Sy hande nie. Dankbaar kan ons die Heer van Sy gemeente eer. Is dit nie ‘n voorreg om deel te wees van ‘n gemeente waar lidmate gehoorsaam na die stem van die hul Heer luister nie?

*Die gemeentekamp* was ‘n hoogtepunt van hoogtepunte! Daar was hierdie jaar heelwat mense wat die eerste keer gaan saam kamp het. Die interaksie op die kamp tussen almal was vreugdevol en liefdevol. Meer as enigiets anders wat in die gemeente gedoen word om mense aan mekaar te laat groei het die kamp daarin geslaag om mense aan mekaar te bind. Vir my was dit asof die Heer ons in die tyd van hoop kom bemoedig het deur al hierdie spesiale mense wat mekaar met Jesusliefde omarm het.

Hy sit Sy goeie werk in Sy gemeente voort. Hy is besig met iets groot en mooi in Rietfontein-Suid! Kom laat ons Hom loof!

Daar is nog talle voetspore van die Heer ….hoop jy sien hul ook raak en eer Hom.

ds Leon van Heerden

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **2 Nov:** Dankofferdiens
- **9 Nov:** Gesinne in Harmonie diens
- **16 Nov:** Youthbash @ 18:00
- **23 Nov:** Nagmaal & Katagese afsuiting
- **30 Nov:** Kerssangdiens @ 9:00

**Sien jou daar!**





**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com




“O? Ja, sy sal daar wees!” jubel ek. Ek moet dit tog weet. Sy het altyd geluister. Haar, gesig en hele lyf het saamgeluister. “Kan ek asseblief met haar praat?” vra ek opgewonde. “Hulle wat luister, word nie onderbreek nie.” sê die stem sag. “Maar as jy wil, kan jy saam luister”.

Die droom is verby. Maar toe ek weer stiltetyd hou, onthou ek dit weer. En toe ek kniel, bid ek nie. Ek luister. Hy het immers gesê ek kan saam luister. En ek luister. Ek hoor ‘n stilte vol vrede. En in die vrede is daar troos. En in die troos is daar arms wat my vashou. Sy vashou voel soos my ma se lyf. Nee, nog beter - volkome. Dit verdryf die verlange en die pyn.

Ek word bewus van die lyn - direk hemel toe. Die lyn wat daar was van die heel begin af. Nog voordat almal so slim geword het. Die lyn sal nooit onderbreek word nie. Nooit beset sal wees nie. Die lyn is verniet, jy kry ook nie ‘n rekening nie. Jy hoef nie eers die nommer te onthou of op te teken nie. Die lyn is hemel toe en net ‘n kniebuiging ver.







## DIE HEMEL HET 'N NOMMER

Ek wil my ma bel. Ek moet eenvoudig met haar praat. Al is dit net vir drie minute. Ek wil weer haar stem hoor. Ek wil hoor hoedat sy vir my sê: "My wêreld jong, is dit jy? Wat maak jy en hoe gaan dit by die skool?"

Maar ek kan nie my ma bel nie. Wat die hemel het nie 'n nommer nie. Nie onder **H** in die gids nie en ook nie in die geelbladsye nie. Dit is verstommend in hierdie tegnologiese tyd van knoppies druk en daar is nie 'n lyn hemel toe nie! As ek margarine koop, gly die kode verby die rooi liggie en die prys is op die kasregister. Maar om met my ma in die hemel te praat, is uit.

Ek is desperaat en droom ek kom wel deur. "Kan ek asseblief met my ma praat?" vra ek, "Net vir drie minute asseblief?" 'n Sagte stem vra: "By watter afdeling?" Afdeling - "Seker by Hekel en Naaldwerk". Sy was lief om altyd ietsie aanmekaar te sit. Die stem sê: "Jammer, ons het nie so 'n afdeling nie. Ons is omgewe met die Lig. Ons is omvou met Warmte." O, hulle het dus nie klere nodig nie. "Probeer die Bak– en Brouafdeling". Sy sal sekerlik daar wees, ek het die laaste stukkies beskuit wat sy nog gebak het gevries - net om daarna te kyk. Die stem sê: "Jammer, ons het nie so 'n afdeling nie. Ons leef van die vrug van die Gees". Dan het hulle ook nie 'n behoefte aan kos nie.

Ek bly 'n rukkie stil. "Probeer asseblief die Tuin-afdeling". Natuurlik sal sy daar wees. Die roostuin is 'n fees vir die oog en sy het die steggies self in gesit - sy sal daar wees. Die stem antwoord: "Ons saai en plant nie. Ons besit reeds die Ewige Saad." Ek is nou desperaat. "Watter afdelings is daar dan?" vra ek. Die stem bly geduldig: "Ons het kore." Kore - nee wat, sy was nie juis 'n sanger nie, al was sy so lief vir musiek. "Wat is daar nog?" Die stem is steeds geduldig, "Daar is ook die wat by die voete sit van die Een wat onderrig." "Sit hulle net?" wil ek nuuskierig weet. "Ek weet darem nie, my ma het nie juis net gesit nie!" "Hulle sit en luister na die Stem".



# Rietfontein-Suid word 60!

'n Verjaarsdag partytjie omdat ons gemeente 60 jaar oud word? Ag nee wat, ons maak dit sommer 'n verjaarsdag naweek! En wat beter manier om die naweek af te skop as met 'n lekker braai. Maar nie net sommer enige braai nie. Ons praat van sakke vol charcoal, dosyne gesmeerde broodrolletjies en 50kg wors. Na die lekker gratis smul kom almal bymekaar in die kerksaal en raak nostalgies oor al die ou foto's van ons kerk wat op die skerm wys. Daarna is dit tyd om 'n wilde vye boom te plant, 'n teken van HOOP en GROEI. Almal luister graag na die stories wat Oom Sakkie en Oom Doep vertel. Die Vrydag aand word afgesluit met "praise & worship" waarna nagmaal volg.






Saterdag gaan die verjaarsdag partytjie voort en oral op die kerk gronde is no 8, 6 en 4 swart driepoot potte te sien. Vandag maak ons gemeente potjie! Daarmee saam drink ons tuisgemaak gemmerbier, eet ons vars

gebakte brood en lek die konfyt van ons vingers af. " Witklippies" omgee groep loop weg met die prys vir die groep met die beste gees.



Die beste kom laaste wanneer Jan de Wet ons naweek afsluit op 'n hoë noot tydens Sondagoggend se erediens. Daarna kuier ons almal vir oulaas saam in die kerksaal terwyl ons lekker smul aan versnaperings. Wat 'n heerlike naweek! Wat 'n geseënde naweek waartydens ons 60 jaar van God se seën vir die gemeente kon vier! Mag ons kinders, se kinders eendag die koelte geniet van ons boom van HOOP!









# Finansiële verslag - Jan tot Sept 2014

Alle eer aan ons Hemelse Vader ondat dit soveel beter gaan met die gemeente se geldsake. Die inkomste uit die Karnaval is R52,000. Die maandelikse inkomste is steeds minder as begroot, maar gelukkig word die uitgawes beperk.

| NG GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID | WERKLIK | BEGROOT |
|---|---|---|
| Maandelikse Dankoffer | R 981,234.00 | R 1,127,760.00 |
| Offergawes Eredienste | R 156,099.00 | R 167,298.00 |
| Sinodale deurkollekte | R 18,497.00 | R 22,103.00 |




Bank besonderhede:

NG Rietfontein-Suid - ABSA takkode 334645, Tjek rek. 070197797

Sending - ABSA takkode 334645, Tjek rek. 4049133874

# GEMEENTEKAMP 2014







## *Die Gemeente wat vir almal omgee!*

Omgeegroepe

Ons gee om.

*Ons ontvang jou met oop arms!*

Kom skakel in by 'n groep.

Kontak Tom Rademeyer vir meer inligting by 082 372 9803 of

ds Leon van Heerden by 083 660 1803






## KARWAS




**<u>Elke eerste Saterdag</u> van die maand**

**<u>Waar?</u>** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

**<u>Pryse</u>:** was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

**<u>Tyd</u>:** **9:00-12:00**

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.

# GEMEENTEKAMP 2014

Die reëlings moet getref word – dis die groot 60 jaar vir die gemeente en een van die hoogtepunte op die kalender, is die jaarlikse gemeentekamp! Dit kan onder geen omstandighede afgeskeep word nie! Maar, o wee, die plek om te kamp is nog 'n uitdaging? Die datum is maklik om vas te stel, eintlik reeds gedoen, aangedui op die kalender!

Die tema was Hoop. Daar is egter vele tipes hoop – hoop ons kry 'n lekker plek, hoop daar is genoeg belangstelling, hoop dis 'n sukses, hoop.... Dis waar dit alles begin het, goed uitgewerk het, danksy Vertroue en nou is dit al weer verby.

Die uitdaging om 'n nuwe oord te soek is aangevat en met Leiding van Bo (soos met alles wat ons aanpak) word daar besluit om **Sionbergh** naby Heidelberg, 'n kans te gee? Die kamers word almal beset en daar is elf staanplekke bespreek. Ongeveer 60 mense kom op die 60e bestaansjaar kamp. Die oord verskaf die kos, dit klink luilekker, maar ons is onseker daaroor – gedagtes van skool en Voortrekkerkampe en selfs weermagkos, kom in die gedagtes op. Gaan die roereiers blou, die koffie flou, die pap rou, vleis moet herkou en die rys gebrand wees? Imodiums, Rennies en Eno's word stilletjies op die kamplysie bygevoeg – net vir '*in case*'?

Dis die week voor die kamp en elkeen is op sy eie missie om te pak en by die kampterrein uit te kom! Vrydagaand is die kos met ope arms ontvang en dis te goed om waar te wees – proe soos Ma se kos!! Gaan dit so bly die res van die naweek?? Wel, die res van die naweek het beter geword en 'kampkos' het 'n nuwe dimensie gekry!!

Vrydagaand na ete het die ontspanning begin. Almal is toe in groepe opgedeel vir die naweek se aktiwiteite. Met 'n heerlike ysbreker, wat deur die jeug gereël is, het almal mekaar leer ken en sommige het selfs meer van hul jarelange geliefdes geleer! Dit was groot pret en daar is heerlik gespeel en gelag. Die aand is afgesluit met samesang soos net Rietfontein-Suid dit kan doen en 'n stilword geleentheid, waarna almal gaan inkruip het – dit was 'n lang besige week met swaar verkeer oppad kamp toe en boonop wag daar groot uitdagings vir die volgende dag. Onder andere moes elke groep 'n tipe opvoering met spesifieke riglyne voorberei vir die Saterdagaand – die span se naam is gekoppel aan hul tema vir die opvoering - hier kom 'n ding, verskeidenheidskonsert, kabaretvertoning of sommer 'n tipe sirkus?

Na 'n heerlike nagrus is die Saterdag ingewy met 'n skattejag wat gebaseer is op kriptiese leidrade – dit klink ge-kompliseerd...? Wel, dit was, totdat die spelmeesters (Michael en Sonja) se manier van dink ontsyfer is – nogal moeilik om so diep te dink



vroeg op 'n Saterdagoggend. Die brein moes volstoom werk – en dit net op Koffie en beskuit. Na die skattejag, en 'n ongelooflike laat-ontbyt, het ons 'n spesiale sessie met Ds Leon van Heerden gehad waartydens 'n baie gepaste video ook vertoon is. Daarna het almal kans gehad om hul eie ding te doen en die oord te verken of net mekaar se geselskap te geniet. Daar was selfs optimiste wat besluit het om die visse in die dam te voer. Die eerste en enigste vangs was eers later die middag! Die visse sien uit dat ons weer kom kuier en hul voer.

Laatmiddag is dit tyd om die luiheid af te skud en is daar op die groen grasperke heerlike speletjies en boeresport gehou. Oud en jonk is betrek en elkeen het deel gehad hierin. Die lagspiere was net so moeg soos die ander spiere in ons liggame, maar toe die vure aangesteek word vir die braai en kampvuur kuier, toe voel almal baie ontspanne. Die aandete was weereens 'n treffer en 'n paar nuwe interessante geregte is deur almal geniet! Elkeen het sy eie vleis gebraai en moes dus aanvaar wat op sy bord is.

Terwyl die kampvuur gestook is, het elke groep, tot groot vermaak van die ander groepe, die geleentheid gehad om hul opvoering te doen. Oorspronklikheid, lawwigheid, improvisasie, konsternasie, histerie, anargie, sinergie, nog 'n laggie, verbasing, ontnugtering..., jy noem dit – al daardie elemente en nog meer het uitgekom in die verskillende opvoerings. Onthou, daar was die hele naweek 'n element van kompetisie tussen die groepe en hierdie was die laaste kans om nog punte in te samel by die beoordeelaars/spelmeesters.

Met lagspiere wat lam is, gekrenkte ego's en nuwe begrip oor sekere gemeentelede, is daar, gewapen met Marsmallows, stokkies en koffie na die kampvuur beweeg om die res van die aand rustig te raak.

Sondagoggend het Ds. Leon van Heerden die naweek se verrigtinge afgesluit met 'n pragtige diens en baie gepaste boodskap. Daarna is 'n heerlike laatontbyt genuttig en het die mense stuk-stuk begin oppak om huiswaarts te keer. Elkeen was ge-inspireerd en gevul met Hoop, vir dit wat tuis en by die werk wag in die weke wat voorlê.

Die taakspan sal solank begin met volgende jaar se kampreëlings.

Op die ou einde besef ons dat Hoop ons deur al hierdie gedra het en dat dit 'n heerlike naweek was. Nou **hoop** ons dat almal gespaar word vir volgende jaar se gemeentekamp en dalk vir nog 60 jaar by Rietfontein-Suid gemeente!!

Dankie Heer, U Hoop beskaam nie – U is Groot!

Egbert